

28 November

Skrifgedeelte: Handeling 1:1-8

Fokusgedeelte: Handeling 1:8

Die krag van die Gees

Krag! Hoe het die nietige sondaar nie 'n behoefte aan krag nie! Krag vir die lewenstryd en roeping. Ons teks leer ons dat die kerk se kragbron vir Heilige Gees is. Dit is die Heilige Gees wat die geloof in ons wek. Dit is die Gees wat ons bind aan die Almagtige. Deur die Gees roep die gelowiges uit: "Met my God spring ek oor 'n muur ... met my God loop ek 'n bende storm" Dit is die Heilige Gees wat die hoop in ons plant, die gawe wat die gelowige 'n kanniedood maak. Die Heilige Gees werk die opregte liefde in ons. Watter krag skuil daar nie in opregte liefde nie!

Die digter van Hooglied roep uit: " Die liefde is sterk soos die dood, die liefdes ywer is hard soos die doderyk. "Die wêreld bewapen hom met krag uit die duisternis. In ons mensegeskiedenis het haat, hoogmoed, magsdors en eersug al berge versit, maar hierdie krag dra die kiem van selfvernietiging en die dood in hom. Die kerk het sy krag ontvang met die uitstorting van die Heilige Gees. - . 'n positiewe, opbouende, wêreldoorwinnende krag !

Sing: Psalm 48:4 Ds PJW Louw (Emeritus)